

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteeke van die kerse

Lied 188

Kom, dank nou almal God
met hart en mond en hande;
loof Hom wat wonders doen
tot in die verste lande.

Van vroeg, van kindsbeen af,
het Hy ons trou bewaar
en tot vandag toe nog
geseën en gespaar.

Lof, eer sing ons voor God,
die bron van alle lewe –
die Vader, Seun en Gees,
almagtig en verhewe.

Drie-enig God, ons roem
u krag en majesteit.

O Heer, ons wil U noem:
ons God in ewigheid!

Woorddiens

Tema: Woorde oor God wat beteken

Skriflesing: Psalm 111 (1953)

¹ HALLELUJA! Alef. Ek wil die HERE loof van ganser harte;
Bet. in die kring van die opregtes en in die vergadering.

² Gimel. Die werke van die HERE is groot; Dalet. nagespeur
word hulle deur almal wat daar 'n welbehag in het.

³ He. Sy daad is majesteit en heerlikheid; Wau. en sy
geregtigheid bestaan tot in ewigheid.

⁴ Sajin. Hy het vir sy wonders 'n gedagtenis gestig; Get. die
HERE is genadig en barmhartig.

⁵ Tet. Aan die wat Hom vrees, het Hy spys gegee; Jod. Hy dink
vir ewig aan sy verbond.

⁶ Kaf. Hy het die krag van sy werke aan sy volk bekend gemaak,
Lamed. deur hulle die erfdeel van die heidene te gee.

⁷ Mem. Die werke van sy hande is trou en reg; Noen. al sy
bevele is betroubaar.

⁸ Samek. Vasgestel is hulle vir altyd, vir ewig; Ajin. uitgevoer in
trou en opregtheid.

⁹ Pe. Hy het aan sy volk verlossing gestuur; Sade. Hy het sy
verbond vir ewig ingestel; Kof. sy Naam is heilig en vreeslik.

¹⁰ Resj. Die vrees van die HERE is die beginsel van die
wysheid; Sin. almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand. Tau.
Sy lof bestaan tot in ewigheid.

Broodjies vir die pad

Egonne Roth. Die betekenis van nêrens

U moet my maar vergewe as ek nog nie gereed is om die
Jerusalem International Book Fair agter te laat nie. Of dalk is dit
net die Litvaks wat my by bly en met wie ek konstant in my
gedagtes in gesprek is. Op soek na Olga Kirsch se voorsate
kuier ek in elk geval daar in die klein 'stetl's'- gehuggies –
tussen die woude en mere van Litua. Ek kon nog nie verseker
vas stel of Olga self daar na inligting oor haar pa se herkoms
gaan soek het nie, maar ek weet haar jonger suster, Janette, was
daar – ek het die foto's van die begraafplaas waar haar oupa
grootjie begrawe lê. Janette het hulle aan my gegee.

By die boekfees het ek as geskenk *The Vilnius Review*, no 27,
2010, New Writing from Lithuania gekry. Die gereelde
publikasie word ondersteun deur die 'Lithuanian Cultural
Support Foundation' wie se missie, soos ek dit verstaan, is om
die letterkunde van Litua aan die buitewêreld bekend te stel. In
hierdie joernaal ontdek ek 'n gedig wat my onmiddellik aangryp
– ek deel dit graag met u.

UNDERGROUND GARAGES deur Sigitas Parulkis

I like garages, cool, brimming with twilight
underground, parking
lots into which you plunge like into the kingdom of Pluto and
later
return to the light afraid to look at the rear view
mirror in case you are leaving something important behind,
underground
mythology is like a bystander here
the already very meaningful green sign shines
in the evening twilight – 'spots available'
which means there, underground, spots are available

there is something very human about the nature of garages,
people

come in cars,
leave them and go somewhere, evacuate their worries and
joys, they return later

get into their vehicles and migrate
somewhere else entirely, to the edge of the city, to the suburb,
to another
city, to another world, however it works out

one day everyone of us will leave our vehicles, our body and will
migrate,

there where there are spots available, there, where
spots are always available

where it does not smell of gasoline, fresh snow, rain
scattered seed, tears, treason, where there are no
windshield wipers, emergency signs

where no one speeds because even the very
fastest highways are reminiscent of falling
shadows or even more so of nothing, if the meaning

of this word could surpass
itself

Vertaal deur Medeine Tribinevicius

<http://versindaba.co.za/2011/03/27/die-betekenis-van-nerens/>

Klaagliedere van die Jeremias

Rian van Heerden

Hoekom is ons so vreeslik lief daarvoor om te kla?

Ek het onlangs een van ons plaaslike televisiekanale se Facebook-blad besoek en was absoluut verstom oor hoeveel mense eenvoudig die blad vir een rede besoek: klagtes.

Daar word ook oor alles gekla: van storielyne tot akteurs wat *common* voorkom. Komplimente is soos die Engelse sal sê *few and far between*.

Klagtes is egter nie vir my 'n vreemde ding nie, ek is lankal gewoon daaraan. Ek onthou nou skielik die eerste keer dat ek oor 'n klage stomgeslaan was.

In daardie stadium was ek werksaam in 'n supermark en het die een kasregister beman. 'n Vrou het die Griekse eienaar woedend trompop geloop: "There's something wrong with your cheese buns!"

Ons was almal verbaas om dit te hoor, aangesien die supermark nogal bekend was vir sy heerlike vars kaasrolletjies wat elke oggend vars gebak is en gewoonlik van die kaas oorlaai is.

"What's the problem?" wou die Griek weet. Die vrou het 'n papiersak met kaasrolletjies op die toonbank neergeslinger: "They're too hot!"

Vandat ek egter by die vermaaklikheidsbedryf betrokke is, het ek baie meer klagtes gehoor. In my eerste paar dae op kommersiële radio was daar heelparty klagtes oor my stem, selfs nog voordat ek begin sê het wat ek dink! Op TV was daar oor my eerste program talle klagtes oor die manier waarop ek sit: "Sit regop, man!"

Uiteindelik moes hulle selfs my stoel op die stel vervang om die gety te probeer draai, want jy sien, as die aanbieder nie regop sit nie, dan is dit natuurlik 'n swak program.

Ek het later gewoon geraak aan die klagtes en steur my nou net aan die kritiek van mense wie se menings ek respekteer.

As ek egter loer na sosiale media en die koerante se brieweblaai, kom ek agter dat die klaers beslis nie minder geword het nie. En ja, daar is baie min dinge waarvoor hulle nie kla nie!

Ek kom ook agter dat mense 'n sterk behoefte het om op enige manier probeer om deel van 'n groep te wees. As die groep waarna jy aspireer dus nie hou van iets nie, moet jy sorg dat jy so vinnig moontlik jou straaltjie piepie sodat daar tog nie twyfel kan wees waar jy staan nie. Al ken jy nie die feite nie.

In dieselfde asem moet ek egter byvoeg dat dit nie beteken dat jy nooit mag kla nie. Ek ken net een só 'n persoon en dit is my ma. Ek het eenkeer gesien hoe sy malvapoeding in 'n restaurant bestel, maar roomys en sjokoladesous is voor haar neergesit. Ek het aangedring dat sy hieroor kla, maar haar antwoord was eenvoudig: "Toemaar, my kind, hierdie is ook lekker."

Klagtes is natuurlik hier en daar nodig om dienslewering te verbeter en standaarde te verhoog. Wat jy egter nie moet doen nie, is kla om in te wees of omdat jy probeer bewys hoe belangrik jy is. Jy moet ook natuurlik nie kla met die witbrood onder die arm nie.

As jy dit wil doen, moet jy gekwalifiseerd kla. As voorbeeld: As jy by die vleisbraai wil kla oor hoe sleg dit in die land gaan, moet jy darem iewers noem dat jy ten minste nog jouself daai aand kan dik eet aan filet en dit met goeie Kaapse wyn kan afsluk.

En hier is 'n vraag: Wanneer laas het jy 'n kompliment gegee? Moet ons nie met dieselfde entoesiasme waarmee ons kla, ook komplimente gee nie? Wanneer laas het jy 'n brief geskryf oor goeie diens of iets geplaas op sosiale media daaroor?

Ek het die ander dag besluit om die vervaardiger van een van my gunstelingprodukte te laat weet dat ek 'n groot

aanhanger is. Dis 'n grondboontjebotter waarvan ek al jare nie genoeg kan kry nie. En jare lank het ek hulle nooit daarvoor gekomplimenteer nie. Toe stuur ek 'n e-pos.

En dit was byna lekkerder as die grondboontjebotter self!

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/klaagliedere-van-die-jeremias-20180118>

Brood vir die pad

Die weg van die natuur en die weg van genade

RRV

Vroeg in Terrence Malick se bekroonde rolprent *The Tree of Life* hoor ons by monde van een van die hoofkarakters (Mrs. O'Brien): "The nuns taught us there are two ways through life: the way of nature and the way of grace. You have to choose which one you will follow."

Hierdie idee van twee weë, as uitdrukking van twee maniere van leef, het deur die eeue sterk neerslag in godsdienstige tradisies gevind.

In Matteus 7, byvoorbeeld, lees ons van die breë pad na die verderf en die smal weg na die lewe. Baie sal ook bekend wees met die uitbeelding *De brede en de smalle weg* (ontwerp in 1862 in Duitse piëtistiese kringe deur Charlotte Reihlen), wat 'n weg na heelwat huise in Suid-Afrika gevind het.

Ek onthou hoe ek as kind (en ywerige fliëk--ganger) dikwels na dié prent gestaar het, altyd met 'n bietjie ongemak oor die feit dat die teater op die breë weg te vinde was.

In die vertelling in *The Tree of Life* word die nonne se verwysing na die weg van die natuur en die weg van die genade verder toegelig: "Grace does not try to please itself. Accepts being slighted, forgotten, disliked . . . Nature only wants to please itself. Get others to please it too."

Die punt van die nonne se woorde, soos onthou deur Mrs. O'Brien, is dat die weg van die natuur na 'n lewenstyl verwys wat deur selfsug en die soeke na eiebelang gestempel word. Jy onderwerp ander aan jôu wil.

Genade, daarteenoor, soek nie eiegewin nie. Dit heers nie oor ander nie.

Die meeste van ons is goed bewus van die feit dat die weg van genade en die weg van die natuur nie so maklik van mekaar onderskei en geskei kan word nie.

Dié twee weë is ook in ons eie harte met mekaar verstregel.

Tog wil dit lyk of ons toenemend in 'n wêreld leef waar die weg van die natuur met 'n sekere vanselfsprekendheid as die weg tot oorlewing en sukses voorgehou word. En in die proses word die weg van genade met naïwiteit, en selfs dwaasheid, geassosieer.

Die vertelling in *The Tree of Life* oor die twee weë sluit met die woorde: "Love is smiling through all things . . . The nuns taught us that no one who loves the way of grace ever comes to a bad end."

Wat die vraag laat: Wat maak ons vandag met die nonne se gepraat oor die keuse tussen die weg van die natuur en die weg van genade?

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/die-weg-van-die-natuur-en-die-weg-van-genade-20180119>

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.*

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877